PERSVERKLARING

Kreatiwiteit die sleutel vir Senwes top-entrepreneur

Nina Mostert van Laerskool Fairland in Johannesburg se versierde vilt-denimbaadjies en handsakke het vir haar die eerste plek in vanjaar se Senwes Entrepreneurskompetisie verower. Nina se besigheid, "Design a Jacket", het in die laerskole-afdeling van die kompetisie deelgeneem. As wenner is sy met R5 000 beloon.

Die aankondiging van die wenner in die laerskole-afdeling het op 20 Oktober tydens 'n ontbyt, gehou by die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein, plaasgevind. Die wenner word gekies op grond van die besigheidsplan wat voorgelê is.

In die tweede plek is Pedro van der Walt van Laerskool Universitas in Bloemfontein, wat model-vliegtuigies bou en sodoende R3 000 ingepalm het. Die derde plek is aan Danelle Pretorius van Laerskool Jim Fouché in Bloemfontein toegeken, wat nie net teelepels opkikker met versierings nie, maar sommer ook die teelepels met krale aan jou koppie vasmaak! Sy het R2 000 se prysgeld losgeslaan.

Dit is vanjaar die vierde jaar wat Senwes se suksesvolle Entrepreneurskompetisie aangebied word, wat ten doel het om laerskool- en hoërskoolleerders se entrepreneuriese vaardighede te ontwikkel.

Tydens die ontbyt is die hoërskoolfinaliste ook aangewys. Hierdie vier finaliste het elkeen R2 000 ontvang om hul besigheidsidee te implementeer en moet dan in volgende jaar hul finansiële state vir finale beoordeling voorlê. Die wenner van die hoërskole-afdeling, sal 'n beurs vir verdere studie wen.

Die vier hoërskoolfinaliste is: Marno Els (Kroonstad), wat 'n hoenderboerdery bedryf; Monique Trollip (Hoërskool Sand du Plessis, Bloemfontein), wat sleutelhouers met vere maak; Aneleh Meyer (Hoërskool Fichardtpark, Bloemfontein), wat partytjies vir jou beplan en na die tyd opruim; en Marco Nolte (Hoërskool Fichardtpark, Bloemfontein), wat 'n rekenaarsentrum wil stig waar take en huiswerk gedoen kan word.

Senwes se entrepreneurskompetisie bestaan uit twee afdelings: 'n laerskole-afdeling en hoërskole-afdeling, en dit word in twee fases aangebied. Die eerste fase sluit die voorlê van 'n besigheidsplan en 'n onderhoud waar vrae oor entrepreneurskap gevra word, in. Elke leerder wat 'n besigheidsplan indien, ontvang R10 vir sy of haar skool. Die besigheidsplanne word deur die Universiteit van die Vrystaat se Eenheid vir Entrepreneurskap geëvalueer. Aan die einde van die eerste fase word die wenner van die laerskole-afdeling aangewys en die finaliste van die hoërskole-afdeling aangekondig. Die hoërskole-finaliste dring dan deur tot die tweede fase van die kompetisie, waar hul elkeen R2 000 ontvang om hul besigheidsplan te implementeer.

Die drie uitblinkers in die laerskole-afdeling van Senwes se Entrepreneurskompetisie is van links: Danelle Pretorius, Nina Mostert en Pedro van der Walt. By hulle is Francois Strydom (Direkteur: Bedryf, Senwes) en dr Johan van Zyl (Hoof: Eenheid vir Entrepreneurskap, Fakulteit Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe).

- EINDE -

UITGEREIK DEUR INFOWORKS OP 26 OKTOBER 2009
Johan Smit
Tel: +27 18 468 2716
Sel: 082 553 7806
johan@infoworks.biz

NAMENS: Johan Dique
Besturende Direkteur: Senwes
Tel: +27 18 464 7656
johan.dique@senwes.co.za

www.senwes.co.za